

Daar is vandag 'n klomp dinge wat ons vreugde steel. En tog is kerstyd by uitstek God se vreugdetyd. 'n Tyd om Sy loflied in ons lewens terug te kry.

Ons hoor in die Lukas-evangelie vyf lofliedere rondom sy geboorte opklink. Daar is die lofliedere van Elizabeth, Sagaria, Simeon, die loflied wat die engele gesing het toe hulle aan die skaapwagters verskyn het en die loflied van Maria, die moeder van Jesus.

SKRIFLESING: Lukas 1:46-56

Tema: Sing 'n loflied tot eer van die Here!

Die feestelikheid en vrolikheid van kerstyd is oral waar ons gaan, in die liggies, versierings en kersmusiek. Dit is vakansie, 'n tyd van familiekuier met eet en drink wat daarmee saamgaan. Dit alles dra by tot die gevoel van feestelikheid. Hierdie dinge is nie verkeerd nie. Maar die hartseer is dat as 25 Desember verby is, kersfees vir baie mense verby is tot volgende jaar. Hulle bêre die kersversierings en nou verskuif die fokus na nuwejaar wat oor 'n week aanbreek. In die winkels maak kersversierings plek vir skoolbenodigdhede. Êrens het die vreugde- en loflied van Kersfees vir baie mense 'n eendag lied geword, 'n leë, kort vreugde en vrolikheid wat niks meer as veldiep is nie. Na kersfees lyk ons vreugde soos opgefrommelde geskenkpapiere. Dit word in 'n swart sak gesit en weggegooi.

Dit kan tog nie gebeur nie. Hoe kan ons elke dag van ons lewens vreugde ervaar?

Maria se loflied fokus op vreugde wat niks of niemand by ons kan wegneem nie. Sy het nie eintlik rede gehad om die Here te loof nie. Sy was 'n jong vrou wat swanger geword het. Wat gaan die mense sê? Wat gaan haar verloofde doen?

Maar haar loflied gaan nie oor haar of haar situasie nie. Haar loflied gaan oor die Here en Sy omgee vir ons almal. Maria jubel oor 5 eienskappe van die Here.

Sy juig:

- Die Here is almagtig, tog sorg Hy vir ons.
- Die Here is genadig - Hy is ons Verlosser.
- Die Here is barmhartig - Hy sien om na die geringes.
- Die Here is heilig, tog gee Hy om vir ons.
- Die Here is getrou - Hy hou Sy beloftes.

1. Juig oor die almag van die Here. Hy sorg vir Sy kinders.

Maria sing: "...omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het." (Lukas 1:49)

Hy het die onmoontlike moontlik gemaak. Hy maak dat 'n maagd swanger word. Daar is vandag mense wat die maagdelike geboorte bevraagteken. Hulle sê dat so iets onmoontlik is en inderdaad is dit menslik onmoontlik, maar dit is God wat hier aan die werk is.

Hy is 'n Almagtige groot God wat in beheer is. Hy is die Skepper van hemel en aarde, die Een wat die onmoontlike laat gebeur. Is hierdie God nog jou God?

Hierdie groot God sorg vir almal van ons as Sy kinders. Die Here het niks teen ryk mense nie. Hy het dit teen ryk mense wat nie ook ryk is in Hom nie. Hy sal almal, wat te min van God en te veel van hulself dink, oor die aarde verstrooi. Met Sy kragtige arm sal Hy maghebbers van hulle trone afruk. Hy sal hulle wat hul eie god geword het, wat nie opkyk na God nie en daarom afkyk op ander, vernietig.

2. Juig oor die Here se genade. Hy is ons Verlosser en Redder.

Dit is tog waaroor kersfees gaan!

In Jesaja 9:1 en 5 lees ons: ¹"Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn. ⁵Vir ons in sondeduisternis is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."

3. Juig omdat die Here barmhartig is. Hy sien om na die geringes.

In die boodskap lees ons Maria se woorde: "Ek is glad nie belangrik nie, ek is maar een van God se diensmeisies, tog het Hy my raakgesien. Alle geslagte sal sê dat ek die gelukkigste vrou op aarde is, want die Almagtige het groot dinge aan my gedoen. Sy goedheid hou aan van geslag tot geslag."

Geringes, soos Maria, by wie die wêreld sal verbystap sonder om tweemaal te kyk, is vir Hom belangrik. Ek en jy is vir Hom belangrik. Honger mense laat Hy by Sy feesmaal aansit. Hy oorlaai hulle met Sy goeie gawes terwyl rykes, wat Hom nie dien nie, met leë hande sal wegstap.

Die Here het nie witbroodjies nie. Hy het 'n hart vir alle mense. Maar uit die Lukas-evangelie is 'n saak uit te maak dat God 'n spesiale plek in Sy hart het vir hulle wat gering is, vir hulle wat oor kerstyd swaarkry. Hy oorlaai hulle wat arm, eenvoudig, hartseer, nietig, bedruk is en die behoeftiges met goeie gawes.

4. Juig oor die Here se heiligheid. Hy is volmaak sondeloos.

In Open 4:8 lees ons dat die 4 lewende wesens om sy troon dag en nag sê:

"Heilig, heilig, heilig is die die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." Ten spyte van die feit dat hy driemaal heilig is, gee Hy vir ons, wat nog worstel met sonde, om.

5. Juig want die Here is getrou. Hy hou Sy beloftes. Hy draai nooit Sy rug op ons nie.

In Lukas 1:54-55 lees ons in Die Boodskap: "God het Sy volk Israel baie jammer gekry. Hy het nooit Sy beloftes vergeet wat Hy aan hulle gemaak het nie. Hy het Sy goedheid oor hulle uitgestort, presies net soos Hy aan Abraham belowe het, aan hom en aan sy hele nageslag. Ja, God se beloftes is vir altyd waar."

Ons lees Sy belofte aan Abraham in Genesis 17:7: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen my en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag." Dit is vir altyd waar.

Dit is die diepste betekenis en grootste wonder van kersfees. Dit maak nie nie saak wie en wat jy is nie. God het in Christus gekies om deel van jou lewe te word. In die Kind verbind Hy Hom van geslag tot geslag aan ons. In Sy ewige liefde ontferm Hy Hom oor ons. Hy laat ons nooit alleen nie. Hy is Immanuel, God by ons. Hy is by ons in ons geluk, lag en vrede, maar ook in ons eensaamheid, hartseer en einde-van-die-jaar-moeg-en-moedeloos-wees.

Ons Here is **almagtig, genadig, barmhartig, heilig en getrou**. Hy is lief vir ons almal. Daarom is ons vreugde nie 'n daglange, oppervlakkige kersvrolikheid wat soos mis voor son verdwyn nie.

In Hom is lewensvreugde sonder einde. Saam met Maria kan ons as Sy kinders nie anders as om 'n loflied sonder einde te sing nie. Loof die Here elke dag met hart, mond en hande!

Ek besing die grootheid van God. Ek juig oor die Here, my Verlosser. Ek juig omdat Hy na my in my geringheid omsien.

Amen